



Laerskool Queenswood

Omsendbrief 21

20 Julie 2011

Geagte Ouers en Voogde



DERDE KWARTAAL:

Ons wens u almal hartlik welkom terug na 'n heerlike wintervakansie. Ons hoop u het almal goed uitgerus en sien saam met ons uit na 'n besig kwartaal wat voorlê.

Ons verwelkom terug mev. Kok wat vanaf die begin van die jaar met kraamverlof was en ook mev. Ludick wat aan die einde van verlede kwartaal met siekverlof was.

PERSONEEL VERJAARSDAE:

Baie geluk aan mev. Kok wat op 21 Julie verjaar. Ons hoop dit gaan 'n baie voorspoedige en gelukkige jaar vir haar wees.



OPE DAG:

Die ope dag vir graad RR - graad 1 vind op 17 Augustus 2011 om 18:00 in die skoolsaal plaas. Alle voornemende ouers is welkom om die geleentheid by te woon. Vertel asseblief vir ander ouers van ons skool en help ook só ons skool bemark.

KASKAR:

Die kaskarwedren vind op 14 Oktober 2011 plaas. Leerders het reeds aan die einde van verlede kwartaal hulle borgvorms ontvang om te begin woeker. Soos in die verlede gaan daar weer groot pryse gewen kan word.



BOBBY VAN JAARVELD:

Hierdie optrede vind op 19 Augustus 2011 plaas. Soos u weet is dit 'n groot fondsinsamelingsprojek vir die skool en die Klein Q's. Help ons om van hierdie aand 'n groot sukses te maak. Vertel u familie, vriende en kollegas wat nog nie kaartjies het vir die aand nie.

SPORTTOERE:

Die krieket- en landloopspan het gedurende die vakansie gaan toer. Albei toere was baie suksesvol en leerders het beslis daarby baat gevind.



MINI-KRIEKET:

Ons begin Donderdag 21 Julie 2011 met ons eerste Mini-krieket oefening. Die oefentye is vanaf 17:00 tot 18:00 en vind plaas op die netbalbane. Alle Klein Q's en O/7's is welkom! Ons sien uit om u daar te ontvang!

TENNIS:

Neem asseblief kennis dat daar geen tennisoefening eerskomende Maandag, 25 Julie 2011, gaan wees nie. Alle personeel is betrokke by verpligte opleiding.



DERDE KWARTAAL - SPORT OEFENTYE :

Landloop:

Landloop atlete oefen Maandae tot Donderdae tussen 16:00 - 17:00. Op Vrydae is dit liga. (Landloop atlete ontvang vandag briewe in hierdie verband.)

Sagtebal:

Oefen op Dinsdae en Donderdae.
Ontwikkelingspan 13:30 - 14:14
O/11 13:30 - 15:00
O/13A en B 13:30 - 15:00

Krieket:

| | | |
|-------|---------------|------------------|
| O/9 | 13:30 - 14:30 | 19, 26, 28 Julie |
| O/10 | 13:30 - 14:30 | 19, 26, 28 Julie |
| O/11 | 14:30 - 16:00 | 19, 26, 28 Julie |
| O/13B | 14:30 - 16:00 | 19, 26, 28 Julie |
| O/13A | 14:30 - 16:00 | 21, 26, 28 Julie |

In Augustus verander die oefentye.

Tennis:

Maandae middag se oefentye sal nog bepaal word.
Beginners oefen Vrydae middag saam met juffrou Deidri Vorster
Spanne oefen Donderdae oggende.

KONKA:

Die beoordeling vind eerskomende Vrydag, 22 Julie 2011, plaas.

Punte van belang:

Skool open

Personeel verjaar

Ope dag

Kaskar

Bobby van Jaarsveld

Sporttoere

Mini-krieket

Tennis oefening

Sport oefentye

Konka

WETENSKAP EKSPLO:

Wetenskap ekspo beoordeling vir graad 1 - 3 vind Dinsdag, 26 Julie 2011, plaas.
Wetenskap ekspo beoordeling vir graad 4 - 7 vind Woensdag, 27 Julie 2011, plaas.

KOEKSISTERS:

Die Klein Q's verkoop weer heerlike koeksisters. Die klein koeksisters se prys is R20.00 per dosyn en groter koeksisters R30.00 per dosyn. Die bestellings sluit 26 Julie 2011 en aflewering vind op 29 Julie 2011 plaas. Die leerders ontvang vandag hulle koeksisterbestelvorms



ALERT AD KAART:

Alert staal is 'n verskaffer van staal, bewapeningstaal, hardeware, boumateriaal, loodgietersware en nog vele meer! Doen aansoek vir 'n Alert Edu Kaart by die skool of by u Alert staalhandelaar. 10% Van die wins van al u kontantaankope word in die skool se rekening inbetaal en 10% word in u kind se skoolfondsrekening inbetaal.

Punte van belang:

Wetenskap Ekspo

Koeksisters

Alert Ad Kaart

My School-kaart

Gesonde Eetgewoontes



MY SCHOOL-KAART:

Gebruik asseblief u kaart so gereeld as wat u kan.

GESONDE EETGEWOONTES:

Gesondheid is vir almal!

Een van die belangrikste bestandele van 'n kind se groei en ontwikkelingsfasies is voeding. Dus wat 'n kind eet en drink het 'n enorme invloed op die groei en ontwikkeling van bene, spiere, vel en dan ook die brein en neurologiese prosesse. Ons en ons kinders is werklik wat ons EET! Ongelukkig kan 'n pillietjie nie alles reg dokter nie. Slegs binne 'n gebalanseerde gesonde leefstyl het medikasie(slegs wanneer nodig) maksimum effek, soos hierdie Chinese gesegde dan ook tereg sê:

“He that takes medication but neglects diet, wastes the skill of the physician”.

Wat dit moeilik maak vir ons as moderne mense, is al die gesondheids inligting vanuit verskillende oorde wat mekaar soms skaamteloos weerspreek! Wat wetenskaplikes wel oor en oor bewys ten opsigte van volwaardige voeding is as volg : eet so natuurlik as moontlik en vermy geprosesseerde kosse. So kan jy en jou gesin die tafel dek vir 'n basiese gesonde eet patroon. Die rede hiervoor is dat ons liggame natuurlike kosse ken en dan positief reageer. Voorbeelde van sulke voedselsoorte sluit die volgende in: vleis, eiers, vis, groente, vrugte, neute , sade en dan natuurlik suiwer water(nie minusipale water nie!).

Nou hoe gemaak! Dit is soms 'n groot uitdaging om in hierdie moderne, industrie beheerde omgewing die regte keuses te maak wat nie 'n plaas se prys kos nie. Queenswood Laerskool wil graag op hierdie gebied julle as ouers bekragtig om 'n positiewe invloed op julle kinders se dieet uit te oefen.

NutriRoots, 'n voedingsadvies praktyk in julle omgewing, gaan met elke nuusbrieff vir die res van die jaar 'n waardevolle stukkie inligting plaas. Die eerste fokus punt wat Mnr. Ludick ook aangevra het, is om aan die voedingswaarde van die inhoud van die snoepie te werk. Dit is so belangrik dat ons kinders, veral by die skool, nie te veel suiker en preseveermiddels inneem nie, dit beïnvloed hulle leer en dissipline vermoë in die klas.

Enige navrae kan aan Marelle van NutriRoots gerig word by: mwinter@telkomsa.net

Vriendelike groete

R. LUDICK
PRINSIPAAL